Geagte Ouers / Voogde

Ons sien uit daarna om u kind in ons gr. R-klas te verwelkom. Ons vertrou dat hy/sy 'n leersame tyd by ons sal ervaar en deel sal word van ons groot en gelukkige familie.

Daar is 'n paar sakies wat ons graag onder u aandag wil bring vir 2020:

1. Ons nooi u en u kind vriendelik uit na ons gr. R oriëntasie-dag op ***Saterdag, 14 September 2019*** vanaf 09:00 – 10:00. Ons sal om 09:00 in die skoolsaal byeenkom waar ons skoolhoof, mnr. Harmse, die nuwe gr. R-leerlinge en hulle ouers sal toespreek. Daarna sal ons afbeweeg na die gr. R-gebou sodat u die gr. R-onderwyseresse in hulle onderskeie klasse kan ontmoet.

   Let wel : Gedurende die oriëntasie-dag sal u 'n gr. R T-hemp kan bestel en betaal. **Bestelling(s) kan slegs geskied saam met betaling.** Neem ook in ag dat u kind(ers) in die tweede en derde kwartaal aan sport deelneem en dit dus beter sal wees om twee hempies te bestel. Een T-hemp kos R120. U sal ook die **verpligte langmou voorskoot teen R120 elk kan koop** vir kuns.

2. Die skool begin op Woensdag, 15 Januarie 2020 om 08:00.

3. Skoolure: 08:00 tot 13:00 **(12:00 tot 31 Januarie)**. Leerlinge moet asseblief teen 08:00 by die skool wees en om 13:00 deur 'n verantwoordelike persoon BINNE die gr. R-terrein gehaal word. Indien u kind deur 'n ander persoon afgehaal word, moet u ons asseblief skriftelik in kennis stel. Onderwyseresse aanvaar geen verantwoordelikheid na 13:00 vir leerlinge nie, aangesien ons ander verantwoordelikhede na 13:00 het. Let wel dat die skool 12:50 op 'n Vrydag sluit.

4. Ons nooi u kind vriendelik uit om op **Dinsdag, 14 Januarie 2020** om 09:00 te kom kennis maak met die gr. R-onderwyseresse. Ons ondervind dat die leerlinge hul eerste skooldag met meer selfvertroue kan aanpak as hulle die vorige dag vertroud gemaak word met hulle omgewing en ook weet wie hulle onderwyseres gaan wees. Die besoek sal ± 30 minute duur.

   L.W. Bogenoemde besoek is slegs vir die leerlinge. Ouers/Voogde word vriendelik versoek om buite te wag.

5. Trek asseblief ou klere vir u kind aan, aangesien ons baie "mors-aktiwiteite" aanbied en nie graag hul klere wil bemors nie.

6. Ouers/Voogde word versoek om alle klere (skoene ingesluit), tasse, kosblikke (ook deksels) ens. te merk. Rubbersandale kan aan die kant gemerk word.

7. Sorg asseblief dat u kind geen speelgoed skool toe bring nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir speelgoed wat wegraak nie.

8. Plaas asseblief enige gelde wat u stuur met die **korrekte bedrag** daarin, in 'n koevert of plastiese seëlsakkie, met die volgende daarop: naam van leerling, naam van onderwyseres, korrekte bedrag en waarvoor dit is.

9. Op 'n Vrydag kan 'n lekkertjie of soet-dingetjie saamgebring word. Op al die ander dae moet hulle asseblief "gesonde" kos (bv. 'n toebroodjie, vars vrugte, droë wors, vrugtelekkers, kaas, rosyntjies, ens.) saambring. Ons probeer om by ons leerlinge gesonde eetgewoontes aan te kweek.

10. Vrydae is koekiedag. Elke ouer/voog sal een of twee beurte kry om koekies of 'n versnapering te verskaf. Met die geld wat ons insamel, kan ons voorsiening maak vir daardie ekstra, onbeplande uitgawes. Koekiegeld word eenmalig aan die begin van die jaar betaal teen R50 per jaar.

11. **Indien u kind medikasie neem, moet u ons asseblief daarvan in kennis stel deur middel van 'n brief.**

    Indien u van die onderwyseres verwag om medisyne toe te dien, moet u skriftelike toestemming in die boodskapboek gee (tyd en dosis).

12. Siek leerlinge moet liefs tuis gehou word totdat hulle heeltemal gesond is.

13. Uitstappies vorm 'n belangrike deel van u kind se onderrig en ouers/voogde sal vooraf in kennis gestel word.

Hier volg 'n lys van noodsaaklike benodigdhede:

1. **'n Skooltas (minimum grootte 38 cm x 30 cm), sonder wieletjies, groot genoeg vir alle persoonlike besittings (Tekkies, sweetpak, boek, ekstra klere, kosblik, ens.).** Sien ook aangehegte inligting oor die Lorraine-skooltas.

2. 'n Verpligte skryfbehoeftepak sal vanaf 1 November 2019 by Trink, Newtonstraat 61, Newtonpark beskikbaar wees en al die noodsaaklike skryfbehoeftes vir die jaar bevat. Die pak sal R250 kos. Die kontakpersoon daar is Kirsty Daniels (041 365-7791).

   U moet asseblief die hardebandboek, wat ons gaan gebruik om deur middel van briewe met u te kommunikeer, met enige mooi papier en plastiek oortrek en die leerling se naam op die voorkant skryf.

   Die kryte moet asseblief individueel gemerk word met kleefband of 'n naamplakker en in die oorspronklike verpakking gehou word.

   Stuur die skryfbehoeftepak terug skool toe wanneer u kind sy/haar klasonderwyseres op Dinsdag, 14 Januarie 2020 ontmoet.

3. 'n Houer sneesdoekies, 1 pak papierborde, 1 skuursponsie, 1 papier handdoekrol en 'n houer drukseep.

4. 'n **Klein** kussinkie wat ook duidelik gemerk moet word.

5. Ons sal dit waardeer indien u die volgende items vir ons bymekaar kan maak:

   - roomysstokkies
   - klein polistireenbakkies
   - klein boksies bv. tandepasta, sop, ens.
   - **koerantpapier**
   - afvalpapier vir teken doeleindes
   - materiaal (groot genoeg vir hergebruik)
   - x-strale

Vriendelike Gr. R-groete

GR. R-ONDERWYSERESSE

J.C. HARMSE

SKOOLHOOF

2019-08-01